BIDKAMER BEDIENING

Inligtingstuk

Ons dienste bestaan nie net uit lof en aanbidding, koinonia en ‘n boodskap nie, maar is ook ***die werksplek van die Heilige Gees***. Ons wil graag hê dat mense gedurende die diens of na ‘n preek kan reageer deur ‘n hand op te steek en/of vorentoe toe te kom vir bediening. Omdat ons verantwoordelik wil werk met mense, wil ons hê dat daar ‘n **Persoonlike Werker** agter elke persoon sal staan wat vorentoe kom vir gebed. Die **Persoonlike Werker** se taak is om die persoon se inligting (met sy/haar toestemming) neer te skryf vir opvolg gedurende die week. Indien die persoon verdere gebed nodig het, moet die **Persoonlike Werker** hom/haar na die bidkamer begelei vir verdere bediening.

Bidkamer Bediening word beperk deur twee faktore:

- ***Tyd*** (Dit vind gewoonlik aan die einde van ‘n diens plaas en die persoon wat in die bidkamer bedien word het dalk mense wat wag of ander verpligtinge)
- ***Ruimte*** (Daar is nie baie spasie vir ‘n waterdigte, vertroulike gesprek nie)

As gevolg hiervan is die **Persoonlike Werker** se taak grootliks beperk tot:

⇒ Inligting neerskryf
⇒ Assessering van die persoon se behoefte
⇒ Verwysing na die Pastoor vir verdere bediening indien nodig
⇒ Bid met geloof vir die persoon se behoefte.

Om behoeftes te ***assesseer***, te weet ***hoe om te bid*** en ***wanneer om te verwys***, vereis opleiding. Ons bied een keer per jaar ‘n **Bidkamer Bediening Opleidingskursus** aan wat jou die nodige gereedskap hiervoor gee.

Bidkamer Bediening kan baie opwindend wees, want, afhangend van jou eie oorgawe, word jy ‘n medewerker van die Heilige Gees. Moontlik gebruik Hy jou vir ‘n genesing, bevryding of doping in die Heilige Gees!

Ons **Bidkamer Bediening** se leier is **Corrie Faurie**.

As jy belangstel om by hierdie bediening betrokke te raak, kan jy haar kontak by
076 740 9288